# JAAP ZEEMAN

## 8. Swart kaperskip



Frans Gericke

Barend Smith
6385 St Albans x 6055

# SWART KAPERSKIP

deur

Frans Gericke

IN DIE JAAP ZEEMAN REEKS

Gedruk
in die Unie van Suid-Afrika deur V en R Drukkery (Edms.) Beperk, Paul Krugerstraat 39-43, Pretoria.

# INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy. |
|---|---|---|
| 1 | Veroordeel | 5 |
| 2 | Die Lokval | 8 |
| 3 | Verdoemende Getuienis | 11 |
| 4 | Na die Slawemark | 15 |
| 5 | Droom van die Kayia | 18 |
| 6 | Buite die Wet | 21 |
| 7 | Die Opstand | 24 |
| 8 | Verwoestende Lood | 26 |
| 9 | Die Swart Skip | 29 |
| 10 | Die Voëlvryverklaarde | 32 |
| 11 | „Landman teen Zeeman" | 35 |
| 12 | Die Nederlaag | 39 |
| 13 | Pasja en Kayia | 41 |
| 14 | Dodelike Staal | 44 |
| 15 | Ontmasker | 47 |
| 16 | Yaäb-Reis | 50 |

# VEROORDEEL

„Jy sal hang, Jaap Zeeman!"

Die admiraal se woorde is kort afgebyt. Sy groot sterk gesig, is spierwit van woede.

'n Ruk gaan deur Jaap Zeeman se liggaam. Hy rig homself verder regop. Gemaklik wieg sy geoefende bene op maat van die skommelende skip.

'n Bittere glimlag sprei oor sy mond.

„Nou daar is vir jou dankbaarheid!" sê Jaap.

Admiraal van Oosterwoudt was 'n week gelede nog 'n gevangene van die Arabiere in Algiers. Jaap het sy lewe gewaag om die admiraal en sy mense te red. En nou dreig die admiraal hom met die galg!

„Dankbaarheid?" Die admiraal leun agteroor op die bank. Hy kyk op in die vlammende blou oë van die jong Kapenaar. „Kaptein Zeeman, ek vrees u vertolk die posisie verkeerd."

Jaap antwoord nie. Hy staan slegs daar en wieg terwyl hy sy meerdere vas in die oë staar. Daar is stilte in die kajuit, slegs verbreek deur die gekreun van die houtwerk en die geklopper van seile en toue.

„U was nie 'n vrye man wat u lewe vir my gewaag het nie," gaan die admiraal uiteindelik voort. „U was in diens van die Here Sewentien en van die State-Generaal Wat u gedoen het, was slegs wat van u verwag was as dienaar van die Here Bewindhebbers!"

„En ek moet hang? Waarom?" vra Jaap.

„Ons het bewys dat u in u vrye tyd 'n kaperprins van die Arabiere is! Yaab-Reis noem hulle u nie waar nie?"

„Ek moes as sodanig poseer om u te red!" redeneer Jaap.

Die admiraal skud sy kop. „U kan nie as 'n kaperprins poseer as u nie een is nie! Buitendien het u my en baron van Gens en Kaptein Ruysenaar vir byna 'n week gevange gehou. Waarom?"

Jaap frons. Op hierdie punt is hy natuurlik vas. Hy het die hoë lui gevange gehou omdat hy, en hy alleen, die flotilje veilig uit die middellandse see en deur die poort van Hercules kon lei. Nie een van die drie hoë gaste het kennis van die besondere waters nie. En nie een van hulle hou van Jaap nie. As hulle vry en in bevel was, sou hulle nie na hom geluister het nie.

„Waarom?" Van Oosterwoudt buig vooroor terwyl hy die vraag herhaal.

„Dit was nodig vir ons almal se veiligheid," antwoord Jaap stug.

Die admiraal lag onaangenaam. „Jy kan daardie argument gebruik wanneer jy voor die Breë Raad aangekla word van hoogverraad en muitery!"

Jaap trek sy skouers op. „Hoe dit sy, ek stel u en die baron en kaptein Ruysenaar nou vry. Ek gaan terug na my skip. Ons sal binne 'n uur in die engste deel van die Poorte wees."

„En om welke rede word ons juis nou vrygestel?" wil Van Oosterwoudt weet.

„Ons mag deur Arabiere of Spanjaarde voorgekeer word," is Jaap se antwoord. „U is 'n goeie admiraal." Met die woorde maak hy 'n diepe buiging. Hy draai om en stap by die kajuitdeur uit, sonder om die deur agter hom toe te sluit.

Tweede stuurman Mcduff wag vir Jaap op die halfdek.

„Stel asseblief die gevangenes vry, meneer Mcduff," beveel Jaap. „Daarna vergesel u my na die Wildehond."

Jaap gaan die trap af na die gebroke dek. Hy klop aan 'n deur, wag 'n oomblik en gaan binne.

Die ontvangskajuit is leeg. Jaap stap daaroor heen en klop aan die deur van die binnekajuit. Susan van Oosterwoudt, dogter van die admiraal, maak oop.

Jaap buig. „Ek het kom groet, Mejuffrou. Ek is op pad terug na my skip."

„Neem plaas, Kaptein." Susan dui 'n bank aan. Sy trek die deur agter haar toe en gaan op 'n leunstoel sit.



Jaap wag totdat sy sit voordat hy hom op die bank tuis maak.

'n Rukkie is daar stilte. Susan praat nie. Sy is vir Jaap kwaad omdat hy haar vader en haar verloofde baron van Gens gevange hou. Sy verstaan Jaap Zeeman se motiewe nie. Sy neem aan dat hy hulle opgesluit het omdat hy vir sy eie veiligheid vrees indien hulle vry is.

„Ek het my gevangenes vrygestel," sê Jaap ongeërg.

„Jaap!" In haar blydskap vergeet Susan om formeel te wees. Sy spring op en kom na hom toe aan.

Jaap staan ook op.

Meteens vra Susan: „Wat sê hulle?"

„Ek het die baron en Ruysenaar nie gesien nie," antwoord hy. „U vader sê dat hy my sal laat hang as verraaier en muiter."

Susan word ernstig. „My vader is 'n regverdige man. In sy oë is wetsoortreding onvergeeflik. Maar ek sal by hom pleit om die feit dat u ons gered het, in aanmerking te neem."

Jaap buig. „Dankie, Mejuffrou. En nou moet ek gaan. As die admiraal my hier vang, is die duiwel weer los."

Hy neem haar hand en voer dit na sy lippe.

Die dek slinger skielik soos die skip oorstag gaan. Die meisie val teen Jaap aan. Om haar te stut, plaas hy sy arm om haar lyf.

Op daardie oomblik vlieg die deur oop en die admiraal kom binne.

Van Oosterwoudt se ruie wenkbroue lig op. Sy gesig word wit van woede toe hy Zeeman se arm om sy dogter se lyf sien.

„Zeeman! Hond!" bulder die admiraal. „Gee dadelik pad van my skip af! En sit jou voet weer hier, of probeer net om een woord met my dogter te praat, dan hang ek jou aan die boegspriet op!"

„Gaan!" fluister Susan dringend. „Ek sal met hom praat!"

Jaap buig diep voor haar, dan voor die admiraal. Kop in die lug verlaat hy die Kajuit.

„Susan," sê die admiraal nog bewend van woede. „Jy sal op die halfdek intrek neem, waar ek 'n oog oor jou kan hou! Pak jou goed in!"

„Maar Pappie ......"

Maar die admiraal stap woedend uit, klap die deur agter hom toe.

## Hoofstuk 2

## DIE LOKVAL

Jaap is skaars terug op die kampanje van die Wildehond, toe sien hy hoe die sloep van die vlagskip te water gelaat word. Die eerste stuurman en vier seesoldate gaan aan boord. Hulle roei vinnig hierheen.

„O jitte!" sê Piet Hoorn hier langs Jaap. „Dit beteken weer moeilikheid!"

Piet is nie verkeerd nie. Hy ontmoet die gas by die valreeppoort en dié vra om kaptein Zeeman onverwyld te spreek.

Jaap gaan na benede. Die stuurman salueer:

„Komplimente van die admiraal, Kaptein. Sal u asseblief die skatte wat u gebuit het, na die vlagskip stuur. Die admiraal sal dit in bewaring neem vir die Here Bewindhebbers!"

„Ag, bog!" roep Piet Hoorn tussenbei. „Dit is kaptein Zeeman se persoonlike buit. Dit behoort nie aan die Grootmenere nie!"

Jaap glimlag breed. Die skatte behoort aan hom persoonlik en die admiraal het daar geen seggenskap oor nie.

Maar skielik sien Jaap sy gevaar. As hy sê dat dit sý skatte is, sou hy daardeur erken dat hy wel 'n Arabiese Kaperprins was! Dit sou die strop finaal om sy nek plaas!



„Jy is verkeerd, Piet," sê Jaap. „Ek is in diens van die Verenigde Oos-Indiesche Compagnie. Wat ek buit, behoort aan die Maatskappy."

Hy gee bevel dat die kis met juwele dadelik aan die admiraal oorhandig word. Tien minute later staan hy oor die dek en kyk hoe die sloep met sy skatte na die vlagskip vaar.

Jaap kook van woede. Dit is sy juwele en hy het gehoop om daarmee vir hom 'n nuwe en vinniger skip te koop. Nou sal daar miskien 'n klein deeltjie van al die rykdomme aan hom oorbetaal word as beloning - dit wil sê as hy nie as verraaier en muiter gehang word nie!

Die twee skepe is in die engste deel van die Poorte van Hercules. Tot almal se verligting is daar nóg Arabiese galeie, nóg Spaanse oorlogskepe in sig. Spoedig is hulle deur die engte en kan hulle die halse verstel om onder 'n halwerwind vinnig Suid-wes te vaar, na die ope Atlantiese oseaan.

Beide skepe vaar onder melkmeid. Beide het swaar slagsy soos die wind hulle oordruk. Die see suis langs hul huide verby en agter hulle wel die water soos waaiers uit.

Die son sak laer en laer na die kenning. Skielik is dit asof die hele see aan die brand slaan. Vir 'n rukkie flonker en vlam dit en toe trek die son sy rooi kap agter die kenning in.

Sodra hulle veilig deur die Poorte is, laat Jaap toe dat die vlagskip by hom verbyvaar. Eerbiediglik, soos dit betaam, volg die Wildehond 'n twee kabellengtes agter.

Jaap leun oor die stuurboordverskansing om die hoë spieël van die groot skip in die oog te hou. Sy blik bly gevestig op die westergang van die gebroke dek. Susan woon op daardie dek en Jaap hoop dat sy voor donker op die westergang sal verskyn om hom 'n goeienag toe te wuif.

Die tropiese skemering daal vinnig oor die oseaan neer. En toe verskyn daar 'n figuur op die westergang

waarna Jaap nog steeds tuur. Dit lyk na 'n vrouefiguur met 'n hoë hoed. Susan!

Jaap leun vér oor die verskansing. Hy wuif met sy gepluimde hoed. En dadelik wuif Susan - dit kan mos niemand anders wees nie! - terug.

Sy het 'n wit voorwerp in haar hand. Hoog hou sy dit op sodat Jaap dit moet sien. Hy wuif. Sy laat die voorwerp in die see val.

'n Boodskap! Susan stuur vir hom 'n boodskap oor die see!

'n Golf lig die wit ding op en laat dit dan weer buite Jaap se gesig in 'n trog sak. Hy hou sy oë op die plek gevestig en spoedig lig die volgende golf dit weer hoog op.

Jaap kyk vinnig op na die westergang, maar daar is niemand meer nie. Susan het blykbaar net die wit ding in die see gegooi en toe na haar kajuit teruggekeer.

Nader en nader kom die wit ding. Soos 'n dobbertjie spring dit oor die golwe, duik dit deur die trogge. Toe dit naby die Wildehand kom, beveel Jaap die bootsman om dit op te pik.

'n Emmer word neergelaat. Spoedig stap Jaap met die witding onder sy arm die kampanjetrap af na sy kajuit.

Dit is 'n bottel wat Susan in 'n wit doek toegedraai het sodat dit in die skemer duideliker sigbaar kan wees.

Alleen in die kajuit, haal Jaap die lap af. Daar is 'n vel papier in die bottel. Hy haal dit uit.

„J. Ek sal 'n valreep uit my westergang neerlaat. Kom sodra dit pik donker is. Maar kom heeltemal alleen. S."

Jaap ruik aan die brief, maar hy neem dit gou weer van sy neus af weg. Dit ruik dan nie eers lekker nie! Maar natuurlik: Susan was haastig. Sy het nie tyd gehad om 'n bietjie reukwater op die brief te sprinkel nie.

Jaap beskou die handskrif. Dis die eerste keer dat hy Susan se handskrif sien. Hy voel effens teleurgesteld. Dis 'n agteroor skrif, soos baie vrouens het, maar dis nie so net aswat hy van haar verwag het nie.



Nouja, sy was haastig!

Hy vou die brief op, steek dit in sy binnesak. Die bottel en lap bêre hy in sy skeepskis - 'n aandenking van 'n edelmeisie wat hom uitgenooi het om haar te kom besoek.

Hy gaan op na die kampanje. Aan die hek staan hy ongeduldig en wag op die donker.

Uiteindelik daal die nag oor die grote oseaan en oor die nietige twee skepies. Jaap laat die kleinjol sak.

„Gaan jy dan alleen?" vra Piet Hoorn verbaas toe Jaap begin af klouter. „Wat de gewone dinges wil jy aanvang?" In sulke oomblikke vergeet Piet om formeel met sy kaptein te wees.

„Ek gaan die baron se neus trek!" antwoord Jaap. „Ek hoop ek bly lank weg!"

„Stout!" terg Piet.

Sterk en egalig, soos die geoefende roeier wat hy is, trek Jaap die rieme. Spoedig doem die reuse spieël van die vlagskip voor hom op. Ja! Daar hang die valreep!

Hy meer die jol aan die onderpunt van die valreep en vinnig begin hy na bo klouter.

Sy kop is net onder die reling van die westergang toe hy bewus is van 'n beweging bokant hom. Hy begin om sy kop weg te ruk, maar hy is reeds te laat.

'n Slag tref sy agterkop.

Duisende sterre spat voor Jaap se oë. Hy besef dat hy agteroor val. Hy sal hom doodval op die skuit.

Daar is 'n suising in sy ore. Dan 'n groot stilte. Niks.

## Hoofstuk 3

## VERDOEMENDE GETUIENIS

Uit 'n groot swart diepte veg sy brein op. Hy is bewus van die wieging van die skuit en van 'n girtsende geluid. Skuurende pyne skiet deur sy kop.

Hy wil sy hand lig om aan sy kop te voel. Hy kan sy hand nie roer nie! Hy lê op sy sy, hande en voete vasgebind. Hy is selfs gemuilband.